Sossus Oasis stel hoë standaard van ekovriendelikheid

• **Francoise Steynberg**

TALENI Africa Tourism Holdings het weer met sy Sossus Oasis Engen-vulstasie en die aangrensende Sossus Oasis-kampeerterrein die groen spyker op die kop geslaan.

Ekovriendelikheid is Taleni Africa se wagwoord en dit is dus geen wonder dat twee van hul lodges ekotoekennings ingepalm het nie.

Weens die nodigheid vir brandstof en inkopiefasiliteite vir basiese benodigdhede en skoon badkamergeriewe vir toeriste, het die Sossus Oasis Engen-vulstasie sy deure in Februarie oopgemaak.

Die vulstasie, geleë by die poort van die Namib Naukluftpark, net soos Taleni Africa se Sossusvlei Lodge en Desert Camp, is beslis 'n oase en plek van lafenis vir toeriste waar hulle kan sit en ontspan en daaglikse varsgebak, vars gebroude koffie, 'n warm pastei of 'n yskoue roomys of koeldrank kan geniet.

Alles wat 'n toeris vergeet het om in te pak, soos byvoorbeeld 'n braairooster, vars vleis en ys kan hier gekoop word.

Boonop is daar 'n sonaangedrewe internetkafee, die Outback e-Café, wat baie gewild onder jong buitelandse toeriste is om vriende tuis op die hoogte te hou van hul avontuurlike reis deur Namibië.

Die behoefte aan 'n skoon, goed versorgde kampeerterrein het egter bly staan.

"Kampeerders wou by die parkeerterrein van die vulstasie kampeer net om naby skoon badkamergeriewe te wees," het mnr. Willie du Toit gesê. Uit die behoefte is die naasliggende Sossus Oasis-kampeerterrein gebore.

Hier kampeer jy in styl! Die kampeerterrein is beslis vir die kampeerder wat in gemak wil kampeer en nie ablusiegeriewe met ander kampeerders wil deel nie.

Elkeen van die 12 kampeereenhede het 'n dak, vloer, sy eie toilet, stort, wasbak, sonpaneel-waterverwarmer, kombuiswasbak, braaigeriewe, ligte en 220 volt kragpunte.

Die kompleks het boonop 'n swembad met groen grasperke waar afgekoel kan word en is binne loopafstand van die winkel, asook van die Sossusvlei Lodge se restaurant.

Ekovriendelikheid is deel van die ontwerp en bedryf van Taleni Africa se akkommodasieondernemings. "Ons wil die natuur om ons by al vier ons nuwe en bestaande ondernemings bewaar en ons is trots om te sê dat ons 'n ekovriendelike maatskappy is," het mnr. Du Toit gesê.

■ Mnr. Willie du Toit (derde van regs) en sy Taleni Africa-span by die Sossus Oasis kampeerterrein. Heel regs is die argitek, me Nina Maritz.

Beide die vulstasie en kampeerterrein is as "groen" produkte ontwerp en word so bedryf.

Om energie te bespaar, is die geboue so geposisioneer dat hitte-indringing tot die minimum beperk word en natuurlike lig maksimaal ingelaat word.

Sommige van die mure en dakke van die geboue is weer gevul met uitgegraafde grond om as natuurlike hitteversperring te dien. Mure is ook met natuurlike klip vanuit die omgewing bedek.

Engen het ook 50% bygedra tot die sonpanele wat 25% in Sossus Oasis se elektrisiteitsbehoeftes voldoen. "Dink net, yskoue roomys wat in die woestyn deur die son gemaak is," het mnr. Du Toit trots gesê.

Volgens hom word sowat 500 ton koolstofdioksied per jaar gespaar. Voorts het alle elektriese toerusting 'n lae kragverbruik.

By die kampeerterrein is sonpaneel-waterverwarmers geïnstalleer, asook 'n stelsel wat afvalwater behandel. "Die stelsel reinig die afvalwater tot 'n vlak waar die 'grys water' vir die tuin gebruik kan word."

Voorts word streng waterbesparingsmaatreëlings gevolg en rekord word maandeliks van die watervlakke van die boorgate gehou. Net bio-afbreekbare skoonmaakmiddels word gebruik om die grondwatergehaalte te behou.

Die meeste van die wasgoed by die lodges word in Windhoek gewas.

Alle vullis word gekompakteer en in 'n verkoelerkamer gestoor en op 'n weeklikse basis na Windhoekse stortingsterrein vervoer waar herwinning plaasvind.

Die bekende ekovriendelike argitek, me. Nina Maritz, het haar groen stempel goed afgedruk in die ontwerp van Sossus Oasis. Me. Stephanie van Zyl van Enviro Dynamics wat die omgewing-impakstudie waargeneem het, het haar goedkeuring van die projekte uitgespreek.